

26 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Konings 20 [Jesaja 38] (OAV)

Fokusgedeelte: 2 Konings 20:1-7

Gebed of medisyne

In die jongste tyd het dit gebeur dat groot prominensie in die media verleen is aan persone wat na 'n sekere "profeet" gegaan het om gesond gebid te word. Hoe staan gelowiges hierteenoor? Die Skrif gee vir ons genoeg lig in verband met hierdie saak. Jakobus 5:16 "... bid vir mekaar sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag". Jakobus 5:13-15 "Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid." "Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep en laat hulle oor hom bid ..." "En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die HERE sal hom oprig".

Hiskia word dodelik siek en verneem van die profeet Jesaja dat hy gaan sterf. Hiskia bid berouvol tot God en word deur die Here gesond gemaak nadat 'n vyekoek op die sweer gesit is. Hier vind ons dus gebed en medikasie saam. Dit is soos ons normaalweg vandag van medikasie en operasies gebruik maak - biddende.

Volgens 2 Kor 12 het Paulus drie keer gebid om van die doring in sy vlees verlos te word, maar die Here het sy gebede nie verhoor nie. Hy moes met die doring saamleef en werk tot die einde toe. Volgens 1 Tim 5:23 adviseer Paulus vir Timotheus soos volg: "Moenie langer water alleen drink nie, maar gebruik 'n bietjie wyn ter wille van jou maag en jou herhaalde ongesteldhede." Hier word wyn as medikasie aanbeveel.

Wonders kan nog steeds ook hier in Suid-Afrika plaasvind. Onthou egter dat God vrymagtig is - ook in die verhoring van gebede.

Gebruik u medikasie en besoek u dokter met 'n biddende hart. Laat jou dominee en jou ouderling vir jou kom bid, maar weet verseker: dit is die Here wat gesond maak.

Sing: Psalm 38:6,8

Ds PA Smit (Emeritus)